to the application, may do so within three months of the date of publication of this notice on the prescribed form obtainable from the Secretary for the Interior, Union Buildings, Pretoria.

Badge.—A maroon, heart-shaped shield wreathed in silver-tree leaves and surmounted by a protea flower. In base, a protea flower. At honour point, a representation of a burning lamp and rays and above and below the lamp, a scroll, all in silver.

The upper scroll bears the words "Paarl Hospitaal" and the lower scroll the words "Paarl Hospital" in maroon lettering.

OFFICE OF THE PUBLIC SERVICE COMMISSION.

No. 745.] [24 May 1957.

CORRECTION NOTICE.

PUBLIC SERVICE REGULATIONS.

The following corrections to Government Notice No. 418, dated the 22nd March, 1957, are pulised for general information:—

Regulation 155.—In the English version substitute the word "officer" for the word "officers" appearing in the second line of the definition of "overtime duty".

Regulation 159.—In the English version substitute the following paragraph for the existing paragraph (4) (*c*):—

"(*c*) one hour shall be added to the period of overtime duty in respect of each case where an officer or employee is—

(i) notified of overtime duty; or

(ii) notified that overtime duty of which he has been informed but for which he has not yet reported, has been cancelled,

later than 6 p.m. on the previous day or after the close of his immediately preceding period of service, whichever may be the later; and"

(Amendment No. 15.)

DEPARTMENT OF DEFENCE.

No. 729.] [24 May 1957.

His Excellency the Governor-General-in-Council has been pleased, under the provisions of sub-section (3) (*c*) of section *twenty-eight* of the South Africa Defence Act, 1912 (Act No. 13 of 1912), as amended, to change the designation of a certain Rifle Commando as reffered to in the Annexure hereto.

ANNEXURE.

The designation of the undermentioned Rifle Commando is amended as indicated:—

From Ubombo Rifle Commando to Noordoos-Natal se Skietkommando.

DEPARTMENT OF LABOUR.

No. 734.] [24 May 1957.

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956.

MILLINERY INDUSTRY, CAPE.

I, JOHANNES DE KLERK, Minister of Labour, do hereby—

(*a*) in terms of paragraph (*a*) of sub-section (1) of section *forty-eight* of the Industrial Conciliation Act, 1956, declare that all the provisions of the Agreement which appears in the Schedule hereto and which relates to the Millinery Industry, shall be binding from the second Monday after the date

maande vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing doen op die voorgeskrewe vorm wat by die Sekretaris van Binnelandse Sake, Uniegebou, Pretoria, verkrygbaar is.

Wapen.—'n Donkerrooi hartvormige skild omring deur silwerboomblare met 'n protea blom bo-op die skild en in die skildvoet. Binne-in die skild, 'n afbeeldende voorstelling van 'n brandende lamp en strale met rolle bo- en onderkant die lamp, alles in silwer.

Op die boonste rol verskyn die woorde „Paarl Hospitaal" en op die onderste die woorde „Paarl Hospital" in donkerrooi letters.

KANTOOR VAN DIE STAATSDIENS-KOMMISSIE.

No. 745.] [24 Mei 1957.

REGSTELLING.

STAATSDIENSREGULASIES.

Die volgende regstellings van Goewermentskennisgewing No. 418 van 22 Maart 1957 word vir algemene inligting bekendgemaak:—

Regulasie 155.—In die Engelse teks vervang die woord „officers" waar dit in die tweede reël van die omskrywing van „overtime duty" verskyn, deur die woord „officer".

Regulasie 159.—In die Engelse teks vervang die bestaande paragraaf (4) (*c*) deur die volgende paragraaf:—

„(*c*) one hour shall be added to the period of overtime duty in respect of each case where an officer or employee is—

(i) notified of overtime duty; or

(ii) notified that overtime duty of which he has been informed but for which he has not yet reported, has been cancelled,

later than 6 p.m. on the previous day or after the close of his immediately preceding period of service, whichever may be the later; and"

(Wysiging No. 15.)

DEPARTEMENT VAN VERDEDIGING.

No. 729.] [24 Mei 1957.

Dit het Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal-in-rade behaag om, kragtens die bepalings van subartikel (3) (*c*) van artikel *agt-en-twintig* van die Zuid Afrika Verdedigings Wet, 1912 (Wet No. 13 van 1912), soos gewysig, die benaming van 'n sekere Skietkommando te verander soos in die Bylae hiervan genoem.

BYLAE.

Die benaming van ondergenoemde Skietkommando is verander soos aangedui:—

Van Ubombo se Skietkommando na Noordoos-Natal se Skietkommando.

DEPARTEMENT VAN ARBEID.

No. 734.] [24 Mei 1957.

WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956.

HOEDENYWERHEID, KAAP.

Ek, JOHANNES DE KLERK, Minister van Arbeid, verklaar hierby—

(*a*) kragtens paragraaf (*a*) van subartikel (1) van artikel *agt-en-veertig* van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, dat al die bepalings van die Ooreenkoms wat in die Bylae verskyn en op die Hoedenywerheid, betrekking het, van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennis-

of publication of this notice and for the period ending on the 11th September, 1957, upon the employers' organisation and the trade union which entered into the said Agreement and upon the employers and employees who are members of that organisation or that union;

(*b*) in terms of paragraph (*b*) of sub-section (1) of section *forty-eight* of the said Act, declare that the provisions contained in sections 3 to 8 (inclusive) of the said Agreement shall be binding from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending on the 11th September, 1957, upon all employers and employees other than those referred to in paragraph (*a*) of this notice engaged or employed in the said Industry in the Magisterial District of the Cape; and

(*c*) in terms of paragraph (*a*) of sub-section (3) of section *forty-eight* of the said Act, declare that in the Magisterial District of the Cape and from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending on the 11th September, 1957, the provisions contained in sections 3 to 8 (inclusive) of the said Agreement, shall *mutatis mutandis* be binding upon all Natives employed in the said Industry by the employers upon whom any of the said provisions are binding in respect of employees and upon those employers in respect of Natives in their employ.

J. DE KLERK,
Minister of Labour.

SCHEDULE.

INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE MILLINERY INDUSTRY (CAPE).

AGREEMENT

in accordance with the provisions of the Industrial Conciliation Act 1937, made en entered into by and between the

Millinery Association (Cape)

(hereinafter called "the employers" or "employers' organisation"), of the one part, and the

Garment Workers' Union of the Cape Peninsula

(hereinafter called "the employees" or "the trade union"), of the other part,

being the parties to the Industrial Council for the Millinery Industry (Cape), to amend the Agreement between the parties published under Government Notice No. 386, dated 2nd March, 1956 (hereinafter called the Main Agreement).

1. SCOPE OF APPLICATION OF AGREEMENT.

The terms of this Agreement shall be observed in the Magisterial District of The Cape by all employers who are members of the employers' organisation and are engaged in the Millinery Industry, and by all employees who are members of the Trade Union and are employed in that industry, and for whom minimum wages are prescribed in this Agreement; provided that they shall not apply to clerical employees.

2. PERIOD OF OPERATION OF AGREEMENT.

This Agreement shall come into operation on such date as may be specified by the Minister of Labour in terms of sub-section (1) of section *forty-eight* of the Act and shall remain in force until the 11th September, 1957, or for such period as may be determined by him.

3. DEFINITIONS.

(1) Any terms used in this Agreement which are defined in the Act shall have the same meaning as in that Act.

A reference to an Act shall include any amendment of such Act; and, unless the contrary intention appears, words importing the masculine gender shall include females.

4. AMENDMENT OF SECTION 3.

Section 3 of the Main Agreement is hereby amended by the deletion of the definition "part time motor vehicle driver".

5. AMENDMENT OF SECTION 4.

Section 4 (1) of the Main Agreement is hereby amended as follows:—

(*a*) By the deletion of the words "part time motor vehicle driver" and the figures "£3 1 0", "£1 12 0" and "£4 13 0" under this item;

gewing af en vir die tydperk wat op 11 September 1957 eindig, bindend is vir die werkgewersorganisasie en vakvereniging wat genoemde Ooreenkoms aangegaan het en vir die werkgewers en werknemers wat lede van daardie organisasie of daardie vereniging is;

(*b*) kragtens paragraaf (*b*) van subartikel (1) van artikel *agt-en-veertig* van genoemde Wet, dat die bepalings in artikels 3 tot en met 8 van genoemde Ooreenkoms vervat, van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing af en vir die tydperk wat 11 September 1957 eindig, bindend is vir alle ander werkgewers en werknemers as dié vermeld in paragraaf (*a*) van hierdie kennisgewing, betrokke by of in diens in genoemde Nywerheid in die magistraatsdistrik die Kaap; en

(*c*) kragtens paragraaf (*a*) van subartikel (3) van artikel *agt-en-veertig* van genoemde Wet dat die bepalings in artikels 3 tot en met 8 van genoemde Ooreenkoms vervat, van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing af en vir die tydperk wat op 11 September 1957 eindig in die magistraatsdistrik die Kaap *mutatis mutandis* bindend is vir alle Naturelle in diens in genoemde Nywerheid by dié werkgewers vir wie enige sodanige bepalings ten opsigte van werknemers bindend is en vir daardie werkgewers ten opsigte van Naturelle in hul diens.

J. DE KLERK,
Minister van Arbeid.

BYLAE.

NYWERHEIDSRAAD VIR DIE HOEDENYWERHEID (KAAP).

OOREENKOMS

ingevolge die bepalings van die Nywerheid-versoeningswet, 1937, aangegaan tussen die

Millinery Association (Cape)

(hieronder „die werkgewers" of „die werkgewersorganisasie" genoem), aan die een kant, en die

Garment Workers' Union of the Cape Peninsula

(hieronder „die werknemers" of „die vakvereniging" genoem), aan die ander kant,

wat die partye is by die Nywerheidsraad vir die Hoedenywerheid (Kaap), om die Ooreenkoms tussen die partye wat by Goewermentskennisgewing No. 386, gedateer 2 Maart 1956, gepubliseer is (hieronder die Hoofooreenkoms genoem), te wysig.

1. BESTEK VAN TOEPASSING VAN OOREENKOMS.

Die bepalings van hierdie Ooreenkoms moet in die magistraatsdistrik die Kaap nagekom word deur alle werkgewers wat lede van die werkgewersorganisasie is en die Hoedenywerheid uitoefen, en deur alle werknemers wat lede van die vakvereniging is en in daardie nywerheid in diens is en vir wie minimum lone in hierdie Ooreenkoms voorgeskryf word; met dien verstande dat dit nie op klerklike werknemers van toepassing is nie.

2. GELDIGHEIDSDUUR VAN OOREENKOMS.

Hierdie Ooreenkoms tree in werking op sodanige datum as wat die Minister ingevolge subartikel (1) van artikel *agt-en-veertig* van die Wet mag bepaal, en bly van krag tot 11 September 1957 of vir sodanige tydperk as wat hy kan vasstel.

3. WOORDOMSKRYWINGS.

(1) Enige uitdrukkings wat in hierdie Ooreenkoms gebesig word en in die Wet omskryf is, het dieselfde betekenis as in daardie Wet.

'n Verwysing na 'n wet omvat enige wysiging van daardie wet; en, tensy die teenoorgestelde bedoeling blyk, sluit woorde wat die manlike geslag aantoon, ook vrouens in.

4. WYSIGING VAN ARTIKEL 3.

Artikel 3 van die Hoofooreenkoms word hierby gewysig deur die woordomskrywing van "deeltydse motorvoertuigdrywer" te skrap.

5. WYSIGING VAN ARTIKEL 4.

Artikel 4 (1) van die Hoofooreenkoms word hierby soos volg gewysig:—

(*a*) Deur die skrapping van die woorde „deeltydse motorvoertuigdrywer" en die syfers „£3 1 0", „£1 12 0" en „£4 13 0" onder hierdie item;

(*b*) by the deletion under the item "Motor vehicle driver" of the figures "£5 13 3", "£2 19 4" and "£8 12 7", and the substitution therefor of the following:—

	Per Week. Wage. £ s. d.	C.O.L.A. £ s. d.	Total. £ s. d.
(i) driving a motor vehicle of unladen weight up to and including 5,000 lb.....	3 6 3	1 14 11	5 1 2
(ii) driving a motor vehicle of unladen weight exceeding 5,000 lb.....	5 13 3	2 19 4	8 12 7

6. Amendment of Section 7.

Section 7 (3) (*e*) of the Main Agreement is hereby amended by the deletion thereof and substitution therefor of the following:—

(*e*) Contributions to the Council's funds in terms of section 19 and contributions to the sick fund in terms of section 25 of this Agreement, shall be deducted by the employer.

7. Amendment of Section 17.

Section 17 of the Main Agreement is hereby amended by the addition of a new sub-section (6) reading as follows:—

(6) *Compulsory X-Ray Examination of New Entrants into the Industry and Annual Examination of Employees.*—No person who has not previously been employed in the industry shall be employed by an employer after the date of coming into operation of this Agreement unless a medical certificate of fitness for employment has been obtained by the employer from the Tuberculosis Clinic of the Cape Town Municipality either prior to engagement or within four weeks from the date of engagement.

In addition every employer shall once every calendar year, after this Agreement comes into operation, cause each of his employees to be examined by the Tuberculosis Clinic of the Cape Town Municipality and, subject to the provisions of section 14 of this Agreement, no employer shall continue to employ any such employee unless a certificate of fitness of employment has been obtained by the employer from the said clinic within four weeks from the date the employee has been so examined.

The medical certificate shall be in the form prescribed in Annexure F of this Agreement and shall be transmitted to the Secretary of the Sick Fund.

8. Addition of New Section.—Sick Benefit Fund.

There is hereby added to the Main Agreement an additional section—25—reading as follows:—

25. Sick Benefit Fund.

(1) There is hereby established a sick benefit fund to be known as the Cape Millinery Industry Sick Benefit Fund, and hereinafter referred to as "The Fund" to make provision for payment of benefits to employees during periods of absence from work due to sickness.

The fund shall consist of—

(i) contributions paid into the fund in accordance with this Agreement;

(ii) interest derived from the investment of any moneys of the fund;

(iii) any other sums to which the fund may become entitled.

(2) The fund shall be administered according to and in terms of the rules of the said fund as approved by the Council, by a Management Committee, hereinafter referred to as the committee, appointed by the Council at a duly constituted meeting of the Council and consisting of one each of the employers' and employees' representatives on the Council, with the Chairman and Vice-Chairman of the Council as *ex officio* members. For every representative appointed an alternate shall be appointed in the manner provided for in section 5 (1) of the constitution of the Council as amended. A paid secretary, who shall also be the secretary of the fund shall also be appointed by the committee.

(3) One copy of the rules of the said fund and any amendments thereof shall be kept by the Secretary of the Council, and one copy of the said rules and any amendment thereof shall be lodged by the Secretary of the Council with the Secretary for Labour.

(4) (*a*) For the purpose of such fund, each employer shall each week deduct from the wages of each of his employees, hereinafter referred to as "contributor" for whom minimum wages are prescribed in this Agreement, and who has worked during such week not less than one full day—

(i) in the case of an employee earning a basic wage of less than £2. 0s. 6d. per week, the sum of threepence;

(ii) in the case of an employee earning a basic wage of £2. 0s. 6d. per week and more, but less than £4 per week, the sum of fivepence;

(*b*) deur die volgende onder die item „Motorvoertuigdrywer" te skrap, nl. die syfers „£5 13 3", „£2 19 4" en „£8 12 7" en dit deur die volgende te vervang:—

	Per week. Loon. £ s. d.	L.k.t. £ s. d.	Totaal. £ s. d.
(i) wat 'n motorvoertuig met 'n gewig van tot en met 5,000 lb. sonder vrag bestuur.....	3 6 3	1 14 11	5 1 2
(ii) wat 'n motorvoertuig met 'n gewig van meer as 5,000 lb. sonder vrag bestuur.....	5 13 3	2 19 4	8 12 7

6. Wysiging van artikel 7.

Artikel 7 (3) (*e*) van die Hoofooreenkoms word hierby gewysig deur dit te skrap en dit deur die volgende te vervang:—

(*e*) Bydraes tot die Raadsfonds ingevolge artikel 19 en bydraes tot die siekefonds ingevolge artikel 25 van hierdie Ooreenkoms, moet deur die werkgewer afgetrek word.

7. Wysiging van artikel 17.

Artikel 17 van die Hoofooreenkoms word hierby gewysig deur die toevoeging van 'n nuwe subartikel (6) wat soos volg lui:—

(6) *Verpligte X-straalondersoek van nuwelinge in die nywerheid en jaarlikse ondersoek van werknemers.*—Niemand wat nie voorheen in die nywerheid in diens was, mag na die datum van inwerkingtreding van hierdie Ooreenkoms deur 'n werkgewer in diens geneem word nie, tensy 'n dokter-sertifikaat oor sy geskiktheid vir indiensneming deur die werkgewer van die tuberkuloseskliniek van die Kaapstadse Munisipaliteit verkry is, òf voor sy indiensneming òf binne vier weke vanaf die datum van indiensneming.

Hierbenewens moet elke werkgewer eenmaal in elke kalenderjaar, nadat hierdie Ooreenkoms in werking getree het, toesien dat elkeen van sy werknemers deur die tuberkuloseskliniek van die Kaapstadse Munisipaliteit ondersoek word en, behoudens die bepalings van artikel 14 van hierdie Ooreenkoms, mag geen werkgewer enige sodanige werknemer in diens hou nie, tensy 'n sertifikaat van sy geskiktheid vir diens deur die werkgewer van genoemde kliniek verkry is binne vier weke vanaf die datum waarop die werknemer aldus ondersoek is.

Die doktersertifikaat moet in die vorm wees wat in Aanhangsel F van hierdie Ooreenkoms voorgeskryf is en moet aan die Sekretaris van die Siekefonds gestuur word.

8. Toevoeging van nuwe artikel.—Siektebystandsfonds.

Hierby word aan die Hoofooreenkoms 'n addisionele artikel —25—toegevoeg wat soos volg lui:—

25. Siektebystandsfonds.

(1) Hierby word 'n siektebystandsfonds ingestel wat bekend sal staan as die Siektebystandsfonds van die Hoedenywerheid (Kaap), en hieronder „die fonds" genoem, om voorsiening te maak vir die betaling van bystand aan werknemers gedurende tydperke waartydens hulle weens siekte van werk afwesig is.

Die fonds bestaan uit die volgende:—

(i) Bydraes wat in die fonds inbetaal word ooreenkomstig hierdie Ooreenkoms;

(ii) rente wat verkry word van die belegging van die fonds se geld;

(iii) enige ander bedrae waarop die fonds geregtig mag word.

(2) Die fonds moet volgens en ingevolge die reëls van genoemde fonds, soos deur die Raad goedgekeur, beheer word deur 'n bestuurskomitee wat hierna die „komitee" genoem word en deur die Raad op 'n behoorlik gekonstitueerde raadsvergadering aangestel is en bestaan uit een elk van die werkgewer- en werknemerverteenwoordigers op die Raad met die voorsitter en ondervoorsitter van die Raad as *ex officio* lede. Vir elke aangestelde verteenwoordiger moet 'n plaasvervanger aangestel word op die wyse soos in artikel 5 (1) van die konstitusie van die Raad, soos gewysig, bepaal. 'n Besoldigde sekretaris wat ook die sekretaris van die fonds moet wees, moet ook deur die komitee aangestel word.

(3) Een eksemplaar van die reëls van genoemde fonds en enige wysigings daarvan moet deur die Sekretaris van die Raad gehou word, en een eksemplaar van genoemde reëls en wysigings daarvan moet deur die Sekretaris van die Raad by die Sekretaris van Arbeid ingedien word.

(4) (*a*) Vir die doeleindes van dié fonds, moet elke werkgewer elke week van die lone van elkeen van sy werknemers, hieronder „bydraer" genoem, vir wie minimum lone in hierdie Ooreenkoms voorgeskryf is en wat minstens een volle dag gedurende sodanige week gewerk het, 'n bedrag aftrek van—

(i) in die geval van 'n werknemer wat 'n basiese loon van minder as £2. 0s. 6d. per week verdien, 3d.;

(ii) in die geval van 'n werknemer wat 'n basiese loon van £2. 0. 6d. en meer per week verdien, maar minder as £4 per week, 5d.;

(iii) in the case of an employee earning a basic wage of £4 per week and more, but less than £6 per week, the sum of sevenpence;
(iv) in the case of an employee earning a basic wage of £6 per week and more, the sum of 1s. 1d.

(*b*) To the amount so deducted in each case, the employer shall add a like amount and forward month by month, but not later than the seventh day of each month the total sum to the secretary of the fund at such address as the management committee of the fund may decide on from time to time.

(*c*) The total sum forwarded monthly by the employer representing his payments and the deductions from the wages of contributors in his employ shall in the case of the first payment by new employees be accompanied by a special form provided free by the fund reflecting—

(i) the full name of the employer;
(ii) the full name of each contributor from whose wages deductions have been made;
(iii) the works number and the fund number [provided for in sub-section (*d*) of this section] of each such contributor;
(iv) the occupation of each such contributor;
(v) the number of hours worked by each such contributor each week;
(vi) the total wages paid to each contributor each week.

In all other cases the sum need be accompanied only by a summary showing the full name of the employer, the total number of contributions under each group and the period concerned, and the amount due.

(*d*) (i) Upon receipt of the first 24 payments to the fund in respect of each contributor, the secretary of the fund shall allocate a fund number to each contributor and prepare a contribution book reflecting on the cover thereof—

(*a*) the full name of the employer;
(*b*) the full name of the contributor;
(*c*) the works number of the contributor;
(*d*) the fund number of the contributor;

The secretary shall thereafter notify the contributor to call and the book shall be handed to the contributor after the contributor has signed the book in the presence of an official of the fund.

(*e*) All moneys received by the fund shall be deposited to a banking account for the fund which shall be opened by the Industrial Council for the Millinery Industtry (Cape); provided that the management committee may from time to time authorise investment of the funds in a registered building society or other recognised financial institution.

(*f*) The committee shall appoint an auditor for the fund, who shall be a registered chartered accountant and determine his remuneration, which shall be paid out of the fund. The accounts of the fund shall be audited for the periods ending 30th June, and 31st December, of each year, and the auditor's report shall be made available not later than the 30th September, and the 31st March, respectively. A copy of the statement of accounts, together with the auditor's report, shall be transmitted to the Secretary for Labour, and a copy shall also lie for inspection at the office of the Council.

(*g*) Disbursements from the fund shall cease whenever the amount to the credit of the fund falls below £50.

(5) During periods of absence from work owing to sickness, the following benefits shall be paid to contributors to the fund; provided that applications for benefits shall comply with the rules:—

(i) In the case of an employee earning a basic wage of less than £2. 0s. 6d. per week, 17s. 6d. per week;
(ii) in the case of an employee earning a basic wage of £2. 0s. 6d. per week and more but less than £4 per week, £1. 12s. 6d. per week;
(iii) in the case of an employee earning a basic wage of £4 per week and more but less than £6 per week, £2. 7s. 6d. per week;
(iv) in the case of an employee earning a basic wage of £6 per week and more, £3. 12s. 6d. per week;

provided that these benefits shall be paid for a period not exceeding six weeks at the above rates, and thereafter for a period not exceeding three weeks at half the above rates.

For the purpose of payment of such benefits, "sickness" shall mean any illness, affliction or disease which is (i) not attributable to misconduct or excessive idulgence in intoxicating liquors or drugs and (ii) is not an accident, illness or disease in respect of which compensation is payable in terms of the Workmen's Compensation Act, 1941; provided that—

(i) no benefits will be paid in respect of any absence of two days or less, but that if such absence continue for more than two consecutive days, benefits will be paid for the full period of such absence upon production of a medical certificate;

(iii) in die geval van 'n werknemer wat 'n basiese loon van £4 en meer per week verdien, maar minder as £6 per week, 7d.;
(iv) in die geval van 'n werknemer wat 'n basiese loon van £6 en meer per week verdien, 1s. 1d.

(*b*) By die bedrag aldus in elke geval afgetrek, moet die werkgewer 'n gelyke bedrag voeg en die totale bedrag maandeliks maar uiterlik die sewende dag van elke maand aan die Sekretaris van die fonds stuur na die adres waaroor die bestuurskomitee van tyd tot tyd mag besluit.

(*c*) Die totale bedrag wat maandeliks deur die werkgewer aangestuur word en wat sy betalings en die kortings van die lone van bydraers in sy diens afgetrek, verteenwoordig, moet in die geval van die eerste betaling deur nuwe werknemers vergesel wees van die spesiale vorm wat kosteloos deur die fonds verskaf word en onderstaande aantoon—

(i) die naam van die werkgewer voluit;
(ii) die naam van elke bydraer voluit van wie se lone kortings gemaak is;
(iii) die fabrieksnommer en die fondsnommer [soos in subartikel (*d*) van hierdie artikel bepaal] van elke sodanige bydraer;
(iv) die bedryf van elke bydraer;
(v) die getal ure deur elke sodanige bydraer elke week gewerk;
(vi) die totale loon aan elke bydraer elke week betaal.

In alle ander gevalle is dit alleenlik nodig dat die bedrag vergesel word van die opsomming wat die naam van die werkgewer voluit aantoon, die totale aantal bydraes onder elke groep en die betrokke tydperk, en die verskuldigde bedrag.

(*d*) (i) By ontvangs van die eerste 24 betalings aan die fonds t.o.v. elke bydraer, moet die sekretaris van die fonds aan elke bydraer 'n fondsnommer gee en 'n bydraeboekie voorberei wat op die omslag daarvan die volgende vermeld:—

(*a*) Die naam van die werkgewer voluit;
(*b*) die naam van die bydraer voluit;
(*c*) die fabrieksnommer van die bydraer;
(*d*) die fondsnommer van die bydraer.

Daarna moet die sekretaris die bydraer in kennis stel om homself aan te meld, en die boek moet aan die bydraer oorhandig word nadat die bydraer die boek in die teenwoordigheid van 'n beampte van die fonds geteken het.

(*e*) Alle geld deur die fonds ontvang, moet gestort word in 'n bankrekening vir die fonds wat deur die Nywerheidsraad vir die Hoedenywerheid (Kaap) geopen word; met dien verstande dat die bestuurskomitee van tyd tot tyd belegging van fondse in 'n geregistreerde bouvereniging of 'n ander erkende finansiële inrigting kan magtig.

(*f*) Die komitee moet 'n ouditeur, wat 'n geregistreerde geoktrooieerde rekenmeester moet wees, vir die fonds aanstel en moet sy besoldiging vasstel wat uit die fonds betaal moet word. Die rekenings van die fonds moet geouditeer word vir die tydperke wat op 30 Junie en 31 Desember elke jaar eindig en die ouditeursverslag moet onderskeidelik op of voor 30 September en 31 Maart beskikbaar wees. 'n Kopie van die rekeningstaat, tesame met die ouditeursverslag, moet aan die Sekretaris van Arbeid gestuur word, en 'n kopie moet vir inspeksie in die kantoor van die Raad ter insae gelê word.

(*g*) Uitbetalings uit die fonds moet gestaak word as die bedrag in die kredit van die fonds onderkant £50 daal.

(5) Gedurende afwesigheidstydperke van werk weens siekte, moet onderstaande bystand aan bydraers tot die fonds betaal word; met dien verstande dat aansoeke om bystand aan die reëls moet voldoen:—

(i) 17s. 6d. per week in die geval van 'n werknemer wat 'n basiese loon van minder as £2. 0s. 6d. per week verdien;
(ii) £1. 12s. 6d. per week in die geval van 'n werknemer wat 'n basiese loon van £2. 0s. 6d. en meer per week, maar minder as £4 per week verdien;
(iii) £2. 7s. 6d. per week in die geval van 'n werknemer wat 'n basiese loon van £4 en meer per week, maar minder as £6 per week verdien;
(iv) £3. 12s. 6d. per week in die geval van 'n werknemer wat 'n basiese loon van £6 en meer per week verdien;

met dien verstande dat hierdie bystand vir 'n tydperk van hoogstens 6 weke teen bovermelde skale betaal moet word en daarna vir 'n tydperk van hoogstens 3 weke teen die helfte van bovermelde skale.

Vir die doeleindes van betaling van dié bystand beteken „siekte", enige siekte, gebreklikheid of kwaal wat (i) nie aan wangedrag of oormatige gebruik van sterk drank of bedwelmende middels toe te skrywe en (ii) nie 'n ongeluk, siekte of kwaal is ten opsigte waarvan skadeloosstelling kragtens die Ongevallewet, 1941, betaalbaar is nie; met dien verstande dat—

(i) geen bystand t.o.v. enige afwesigheid van twee dae of minder betaal sal word nie, maar dat as dié afwesigheid vir meer as twee opeenvolgende dae duur, bystand by vertoning van 'n doktersertifikaat, vir die volle tydperk van die afwesigheid betaal sal word;

(ii) each applicant for benefit shall have contributed to the fund for a period of not less than twenty-four weeks;

(iii) benefits shall not be accumulative and no contributor shall in any cycle of one calendar year, calculated from the 1st January be paid benefits for a longer period than that prescribed in this sub-clause (i.e. six weeks at the full prescribed rate and three weeks at half the prescribed rate);

(iv) if a contributor leaves his employment in the industry for the purpose of taking employment outside the industry, he shall forfeit all claim to the fund. Should such contributor re-enter the industry he must again contribute to the fund for a period of twenty-four weeks before any benefits can be claimed;
provided that the provisions of this paragraph shall not apply to any contributor who leaves the industry to take up employment in the "Clothing Industry" as defined in any legally binding agreement arrived at by the Industrial Council for the Clothing Industry (Cape) and in the area in which such agreement is binding, but again takes employment in the Millinery Industry within a period not exceeding six months from the date he left the said Milinery Industry. In that event any contributions previously made by such contributor to the fund shall, subject to the other conditions of this section, be credited to such contributor.

(v) pregnancy and/or any sickness arising therefrom is not an "illness" for the purpose of benefits and only one visit to the doctor shall be allowed at the expense of the fund.

(6) The cost of medical attention or pharmaceutical supplies authorised by medical officers shall be paid by the management committee on presentation to that committee of satisfactory accounts by medical officers and pharmacists appointed by the management committee.

Such costs shall be in respect of a period not exceeding three weeks in any cycle of one year calculated in the manner as set out in proviso (iii) to sub-section (5) of this section and shall be subject to such further conditions as may from time to time be decided by the management committee.

(7) In the event of the expiry of this Agreement by effluxion of time or cessation for any other cause, the fund shall continue to be administered by the management committee until it be either liquidated or transferred by the Council to any other fund constituted for the same purpose as that for which the original fund was created.

(8) In the event of the dissolution of the Council, or in the event of it ceasing to function during any period in which this Agreement is binding, in terms of section *thirty-four* (2) of the Act, the management committee shall continue to administer the fund and the members of the committee existing at the date on which the Council ceases to function or is dissolved shall be deemed to be members thereof for such purpose; provided, however, that any vacancy occurring on the committee may be filled by the Minister from employers or employees in the industry as the case may be, so as to ensure an equality of employer and employee representatives and of alternates in the membership of the committee. In the event of such committee being unable or unwilling to discharge its duties or a deadlock arising thereon which renders the administration of the fund impracticable or undesirable in the opinion of the Minister, he may appoint a trustee or trustees to carry out the duties of the committee and who shall possess all the powers of the committee for such purpose. Upon the expiration of this Agreement the fund shall be liquidated in the manner set forth in section 9 of this Agreement and if upon the expiration of the Agreement the affairs of the Council have already been wound up and its assets distributed, the balance of this fund shall be distributed as provided for in section *thirty-four* (4) of the Act as if it formed part of the general funds of the Council.

(9) Upon liquidation of the fund in terms of sub-section (7) of section 25 of this Agreement, the moneys remaining to the credit of the fund after payment of all claims against the fund including administration and liquidation expenses, shall be paid into the funds of the Council.

Signed at Cape Town on behalf of the parties, this 13th day of November, 1956.

M. M. KELLER,
Chairman of the Council.

L. A. PETERSEN,
Vice-Chairman of the Council.

J. C. LESSING,
Assistant Secretary of the Council.

(ii) elke applikant om bystand moet vir 'n tydperk van minstens vier-en-twintig weke aan die fonds bygedra het;

(iii) bystand is nie-ophopend en geen bydraer kan in enige kringloop van een kalenderjaar, gereken vanaf 1 Januarie, bystand betaal word vir 'n langer tydperk as wat in hierdie subklousule voorgeskryf is, nie (t.w. ses weke teen die volle voorgeskrewe skaal en drie weke teen die helfte van die voorgeskrewe skaal);

(iv) as 'n bydraer sy diens in die nywerheid verlaat ten einde werk buite die nywerheid aan te neem, hy alle eise op die fonds verbeur. As dié bydraer weer in die nywerheid kom, moet hy weer vir 'n tydperk van vier-en-twintig weke aan die fonds bydra alvorens aanspraak op bystand gemaak kan word;
met dien verstande dat die bepalings van hierdie paragraaf nie van toepassing is nie op enige bydraer wat die nywerheid verlaat om in diens te tree by die Klerasienywerheid, soos in enige wetlike bindende ooreenkoms omskryf is en wat deur die Nywerheidsraad vir die Klerasienywerheid (Kaap) aangegaan is en in die gebied waarin sodanige ooreenkoms bindend is, maar wat weer eens by die Hoedenywerheid in diens tree binne 'n tydperk van hoogstens ses maande vanaf die datum waarop hy die diens van genoemde Hoedenywerheid verlaat het. In daardie geval moet alle bydraes wat voorheen deur sodanige bydraer tot die fonds gemaak is, behoudens die ander voorwaardes van hierdie artikel, aan sodanige bydraer gekrediteer word;

(v) swangerskap en/of siekte wat daaruit voortspruit is nie 'n „siekte" waarvoor voordele bedoel is nie en net een besoek aan die dokter sal toegestaan word op koste van die fonds.

(6) Die koste van geneeskundige behandeling of artsenykundige voorrade wat deur geneeskundige beamptes gemagtig word, moet deur die bestuurskomitee betaal word by voorlegging aan daardie komitee van bevredigende verslae van geneeskundige beamptes en farmaseute deur die bestuurskomitee aangestel.

Dié koste moet t.o.v. 'n tydperk van hoogstens drie week in 'n kringloop van een jaar wees, bereken op die wyse wat in voorbehoudsbepaling (iii) van subartikel (5) van hierdie artikel verduidelik is, en is onderworpe aan dié verdere voorwaardes wat van tyd tot tyd deur die bestuurskomitee vasgestel word.

(7) Ingeval hierdie Ooreenkoms deur verloop van tyd of beëindiging om enige ander rede verval, moet die fonds steeds deur die bestuurskomitee beheer word totdat dit òf gelikwideer is òf deur die Raad oorgeplaas word na enige ander fonds wat vir dieselfde doel ingestel is as dié waarvoor die oorspronklike fonds ingestel is.

(8) Ingeval die Raad ontbind word, of ingeval dit ophou om te fungeer gedurende enige tyd waarin hierdie Ooreenkoms kragtens artikel *vier-en-dertig* (2) van die Wet bindend is, moet die bestuurskomitee steeds die fonds beheer en die lede van die komitee wat bestaan op die datum wanneer die Raad ophou om te fungeer of ontbind word, moet as lede daarvan vir hierdie doeleindes beskou word; met dien verstande egter dat enige vakature wat in die komitee ontstaan, deur die Minister uit werkgewers of werknemers, al na die geval, gevul mag word, ten einde gelykheid van werkgewer- en werknemerverteenwoordigers en van plaasvervangers in die ledetal van die komitee te verseker. Ingeval dié komitee nie in staat is of onwillig is om sy pligte na te kom of 'n dooiepunt daarin ontstaan wat die beheer oor die fonds na die mening van die Minister onprakties of onwenslik maak, mag hy 'n kurator of kuratore aanstel om die pligte van die komitee uit te voer en wat vir dié doel al die magte van die komitee moet besit. By verval van hierdie Ooreenkoms moet die fonds gelikwideer word op die wyse in artikel 9 van hierdie Ooreenkoms genoem, en indien die sake van die Raad by verval van dié Ooreenkoms reeds beredder en sy bates uitgedeel is, moet die balans van hierdie fonds uitgedeel word op die wyse wat in artikel *vier-en-dertig* (4) van die Wet verduidelik word asof dit deel van die algemene fonds van die Raad uitgemaak het.

(9) By likwidering van die fonds ingevolge subartikel (7) van artikel 25 van dié Ooreenkoms, moet die geld wat in die kredit van die fonds oorbly na betaling van alle eise teen die fonds, met inbegrip van administrasie- en likwidasiekoste, in die Raad se fondse inbetaal word.

Namens die partye op hede die 13de dag van November 1956 in Kaapstad onderteken.

M. M. KELLER,
Voorsitter van die Raad.

L. A. PETERSEN,
Ondervoorsitter van die Raad.

J. C. LESSING,
Assistentsekretaris van die Raad.

ANNEXURE F.

INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE MILLINERY INDUSTRY (CAPE).

RADIOGRAPHIC EXAMINATION OF EMPLOYEES.

To:—

.....

.....

.....

Arrangements have been made for you to be medically examined by the Mass Radiography Service on.....

You must report to the Mass Radiography Service near the Toll Gate, Chapel Street, Cape Town, at 8·30 a.m. sharp on the above date, taking this letter with you. If you are late, you will miss the appointment and it will be necessary to make a fresh one.

This letter will be stamped in the office of the Mass Radiography service and you must collect it after examination and return it to this firm as soon as possible.

Signature.....
Name of firm.....
Date.....

STAMP OF MASS RADIOGRAPHY SERVICE.

NOTE.

(*a*) The upper portion of this form is to be completed by the employer and handed to the employee.
(*b*) The employer should also insert on the lower portion of this form the name of the firm and name of the employee.
(*c*) On receipt of the completed medical certificate below, it is to be forwarded by the employer to the Secretary of the Cape Millinery Industry Sick Benefit Fund.

(To be detached by Mass Radiography Service).

MASS RADIOGRAPHY SERVICE,
CAPE TOWN.

CONFIDENTIAL.

Serial No.....

Messrs.....

.....

Name of Employee.....

The result of the large film is satisfactory as regards tuberculosis of the lungs and we shall not require the abovenamed employee for further examination.

.....

Medical Officer.

AANHANGSEL F.

NYWERHEIDSRAAD VIR DIE HOEDENYWERHEID (KAAP).

RADIOGRAFIESE ONDERSOEK VAN WERKNEMERS.

AAN:—

.....

.....

.....

Reëlings is getref dat u medies op.....deur die Massa-radiografiediens ondersoek word.

U moet u presies om 8·30 vm. op bogenoemde datum by die Massa-radiografiediens, naby die Tolhek, Kapelstraat, Kaapstad, aanmeld, en hierdie brief saamneem. As u laat is, sal u die afspraak misloop en dit sal dan nodig wees om 'n nuwe te maak.

Hierdie brief sal in die kantoor van die Massa-radiografiediens gestempel word en u moet dit na die ondersoek terugkry en dit so gou moontlik aan hierdie firma besorg.

Handtekening.....
Naam van firma.....
Datum.....

STEMPEL VAN MASSA-RADIOGRAFIEDIENS.

OPMERKINGS.

(*a*) Die boonste gedeelte van hierdie vorm moet deur die werkgewer ingevul en aan die werknemer oorhandig word.
(*b*) Die werkgewer moet ook die naam van die firma en dié van die werknemer op die onderste gedeelte van hierdie vorm invul.
(*c*) By ontvangs van die ingevulde doktersertifikaat hieronder, moet dit deur die werkgewer aan die Sekretaris van die Siektebystandsfonds vir die Hoedenywerheid (Kaap) gestuur word.

(Moet deur Massa-radiografiediens afgeskeur word.)

VERTROULIK.

MASSA-RADIOGRAFIEDIENS,
KAAPSTAD.

Reeksnommer.....

Menere.....

.....

Naam van werknemer.....

Die uitslag van die groot film is bevredigend wat tuberkulose van die longe betref, en ons sal bogenoemde werknemer nie vir verdere ondersoek nodig hê nie.

.....

Mediese Beampte.

DEPARTMENT OF NATIVE AFFAIRS.

No. 724.] [24 May 1957.

ESTABLISHMENT OF ARTHUR SEAT TRAINING SCHOOL AS A GOVERNMENT BANTU SCHOOL.

Under and by virtue of the powers vested in me by sub-section (1) of section *seven* of the Bantu Education Act, 1953 (Act No. 47 of 1953), as amended, I, HENDRIK FRENSCH VERWOERD, Minister of Native Affairs, hereby establish the Arthur Seat Training School as a Government Bantu school as from 1st January, 1957.

H. F. VERWOERD,
Minister of Native Affairs.

DEPARTEMENT VAN NATURELLESAKE.

No. 724.] [24 Mei 1957.

INSTELLING VAN ARTHUR SEAT OPLEIDINGSKOOL AS 'N STAATSBANTOESKOOL.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikel (1) van artikel *sewe* van die Wet op Bantoe-onderwys, 1953 (Wet No. 47 van 1953), soos gewysig, stel ek, HENDRIK FRENSCH VERWOERD, Minister van Naturellesake, hierby die Arthur Seat-opleidingskool as 'n Staatsbantoeskool vanaf 1 Januarie 1957 in.

H. F. VERWOERD,
Minister van Naturellesake.

No. 730.] [24 May 1957.

DRAFT PROCLAMATION.

CONTROL OVER INFLUX OF NATIVES ONTO CERTAIN TRIBAL AND PRIVATELY-OWNED NATIVE LAND.

Whereas it is expedient to exercise control over the influx of Natives onto certain tribally-owned land and certain privately-owned Native land;

Now, therefore, under and by virtue of the powers and authorities vested in me by sub-section (1) of section *twenty-five* of the Native Administration Act, 1927 (Act No. 38 of 1927), read with section *twenty-one* of the Native Trust and Land Act, 1936 (Act No. 18 of 1936), I do hereby declare as follows:—

1. (1) Notwithstanding anything contained in any other law or in any title deed, contract or agreement, the following provisions shall take effect and have the force of law in respect of any Native who was not, at the date of promulgation hereof, lawfully resident upon land referred to in paragraphs (i) and (ii) of sub-section (2).

(2) Except with the written approval of the Native Commissioner, acting on the authority of the Chief Native Commissioner—

(i) no Native shall take up residence on land in any area which is a scheduled Native area or a released area, in terms of the Native Trust and Land Act, 1936 (Act No. 18 of 1936), and which is registered in the name of a Native tribe or in the name of the Minister of Native Affairs or any other person or body in trust for a Native tribe.

(ii) No Native (except the registered owner and his family and bona fide dependants) shall take up residence on land in any area which is a scheduled Native area, in terms of the said Native Trust and Land Act, 1936 (Act No. 18 of 1936), and which is registered in the name of any person or body other than the South African Native Trust as defined in section *four* of the said Act.

2. The Chief Native Commissioner may in his discretion grant or withhold the authority referred to in section *one* and in granting any authority may impose such conditions as he may deem fit.

3. Any Native who contravenes the provisions of section *one* or who contravenes or fails to comply with any condition imposed in terms of section *two*, shall be guilty of an offence and shall upon conviction be liable to a fine not exceeding fifteen pounds or in default of payment to imprisonment not exceeding one month.

4. Upon conviction of any Native in terms of section *three*, the Native Commissioner may, notwithstanding any penalty imposed by the Court, order a Native so convicted, together with such members of his family and dependants as the Native Commissioner may direct, to be removed from the land concerned by any policeman within a period specified in the order.

5. The provisions of this Proclamation shall not apply to land held under quitrent tenure under the provisions of Proclamations Nos. 227 of 1898, as amended, 241 of 1911, as amended, 117 of 1931, as amended, 43 of 1940, as amended, and under the provisions of the Glen Grey Act, No. 25 of 1894, as amended.

6. For the purposes of this Proclamation—

"registered owner" shall mean the person in whose name property is registered in a Deeds Registry under the provisions of the Deeds Registries Act, No. 47 of 1937;

No. 730.] [24 Mei 1957.

KONSEPPROKLAMASIE.

BEHEER OOR DIE INSTROMING VAN NATURELLE NA SEKERE STAM- EN PRIVATE NATURELLEGROND.

Nademaal dit dienstig is om beheer uit te oefen oor die instroming van Naturelle na sekere stamgrond en sekere private Naturellegrond;

So is dit dat ek, kragtens die bevoegdheid en magtiging my verleen by subartikel (1) van artikel *vyf-en-twintig* van die Naturelle-administrasiewet, 1927 (Wet No. 38 van 1927), gelees met artikel *een-en-twintig* van die Naturelletrust en -grond Wet, 1936 (Wet No. 18 van 1936), hierby as volg verklaar:—

1. (1) Ondanks enige andersluidende bepalings in enige ander wet of in enige transportakte, kontrak of ooreenkoms, word die volgende bepalings van krag en het die krag van wet ten opsigte van enige Naturel wat ten tye van die uitvaardiging hiervan, nie wettiglik woonagtig was op die grond genoem in paragrawe (i) en (ii) van subartikel (2) nie.

(2) Behalwe met die skriftelike toestemming van die Naturellekommissaris, handelende op las van die Hoofnaturellekommissaris—

(i) mag geen Naturel hom vestig op grond in enige gebied wat kragtens die Naturelletrust en -grond Wet, 1936 (Wet No. 18 van 1936), 'n afgesonderde Naturellegebied of 'n oopgestelde gebied is en wat geregistreer is in naam van 'n Naturellestam of in naam van die Minister van Naturellesake of enige ander persoon of liggaam in trust vir 'n Naturellestam nie;

(ii) mag geen Naturel, uitgesonderd die geregistreerde eienaar en sy gesin en *bona fide* afhanklikes, hom vestig op grond in enige gebied wat kragtens genoemde Naturelletrust en -grond Wet, 1936 (Wet No. 18 van 1936), 'n afgesonderde Naturellegebied is en wat geregistreer is in naam van enige persoon of ander liggaam as die Suid-Afrikaanse Naturelletrust soos omskryf in artikel *vier* van genoemde Wet nie.

2. Die Hoofnaturellekommissaris kan na goeddunke die magtiging genoem in artikel *een* verleen of weier en by die verlening van enige magtiging kan hy sodanige voorwaardes oplê as wat hy goedvind.

3. Enige Naturel wat die bepalings van artikel *een* oortree of wat enige voorwaardes opgelê kragtens artikel *twee*, oortree of in gebreke bly om sodanige voorwaarde na te kom, is skuldig aan 'n misdryf en is by skuldigbevinding onderhewig aan 'n boete van hoogstens vyftien pond, of, by wanbetaling, aan gevangenisstraf van hoogstens een maand.

4. By skuldigbevinding van enige Naturel kragtens artikel *drie*, kan die Naturellekommissaris beveel dat ondangs enige straf deur die Hof opgelê, 'n Naturel aldus skuldig bevind, saam met sodanige lede van sy gesin en afhanklikes as wat die Naturellekommissaris mag bepaal, deur enige polisieman binne 'n tydperk in die bevel bepaal, van die betrokke grond verwyder moet word.

5. Die bepalings van hierdie Proklamasie is nie van toepassing nie op grond in erfpagbesit kragtens die bepalings van Proklamasies Nos. 227 van 1898, soos gewysig, 241 van 1911, soos gewysig, 117 van 1931, soos gewysig, 43 van 1940, soos gewysig, en kragtens die bepalings van die Glen Grey-wet, No. 25 van 1894, soos gewysig.

6. Vir die toepassing van hierdie Proklamasie beteken—

„geregistreerde eienaar", die persoon in wie se naam die eiendom geregistreer is in 'n registrasiekantoor kragtens die bepalings van die Registrasie van Aktes Wet, No. 47 van 1937; het—

"registered" shall have a corresponding meaning; "residence" shall in addition to its ordinary meaning, also include the residence of the family head's wife, members of his family and bona fide dependants.

No. 735.] [24 May 1957.

BETTERMENT AREAS UNDER PROCLAMATION No. 116 OF 1949.—QUEENSTOWN DISTRICT.

It is hereby notified for general information that the Honourable the Minister of Native Affairs has, in terms of section *four* of Proclamation No. 116 of 1949, declared the land unit in the District of Queenstown specified in the accompanying Schedule, to be a betterment area for the purpose of the above-mentioned proclamation.

SCHEDULE.

High Meadows Trust Farm.

No. 736.] [24 May 1957.

BETTERMENT AREAS UNDER PROCLAMATION No. 116 OF 1949.—QUEENSTOWN DISTRICT.

It is hereby notified for general information that the Honourable the Minister of Native Affairs has, in terms of section *four* of Proclamation No. 116 of 1949, declared the land unit in the District of Queenstown specified in the accompanying Schedule, to be a betterment area for the purpose of the above-mentioned proclamation.

SCHEDULE.

